

## QARAQOSH:

**DIE HOOP WAT ISIS NIE KON VERNIETIG NIE**  
 ISIS is in 2016 uit Qaraqosh verdryf, maar dit het vlugteling jare geneem om terug te keer. Vandag het slegs sowat die helfte van die oorspronklike 55,000 inwoners terugkeer.

Dele van die stad voel steeds soos 'n spookdorp, met leë strate en geboue wat beskadig of totaal verwoes is. ISIS het elke kerk in die stad vernietig, afgebrand of gevandaliseer. By sommige is die mure vol koeëlgate en die afbeeldings van Jesus beskadig en misvorm.

### Maar te midde van die ruïnes, leef hoop voort.

Essam Nagy, SAT-7 Aanbieder, Vervaardiger en Direkteur van die program, *Series van Hoop*, het Qaraqosh besoek. “Die stad is gevul met mense,” vertel Nagy in die dokumentêr, “wat gretig is om deel van die liggaam van Christus te wees ... Dit wat ons hier sien, verklaar die oorwinning van geregtigheid oor duisternis en haat.”

Die Paasfees eredienste is verfilm asook die duisende gelowiges wat aan die Palm-Sondag optog deelneem.

In 'n stad waar Christen families vermoor en in massagrafte begrawe is – 'n stad wat gereduseer is tot 'n vesting van oproer en dood – dans die gelowiges jubelend in die strate.

Nagy verduidelik: “Die gelowiges van Qaraqosh dra die letsels van hul ontberings, maar hulle is nie gebroke nie. Hulle is daar om te verklaar – te getuig: ‘Dit is nie so maklik om ons uit te wis nie.’”

“ISIS wou al die kruise vernietig, en hulle het,” vervolg Nagy. “Hulle wou al die Siriese en Aramese inskripsies in die kerke uitwis, en hulle het.

“Maar ten diepste kon hulle nie hoop vernietig nie. Daar is 'n ‘X-faktor’ om 'n Christen in die Midde-Ooste te wees, een wat nie uitgewis kan word nie,” sê Nagy. “Alles kan vernietig word, buiten dit wat jy glo.”

- Bid vir Christene wat stadig terugkeer na stede in die Nineve Vlakte, hul historiese tuiste in Irak.
- Bid vir die heropbou van huise en kerke; dat die Christelike geloof sal groei en toeneem in Qaraqosh en ander plekke wat deur ISIS verwoes is.



# Gebeds † Nuus



Julie 2019

MAAK  
HOOP  
SIGBAAR

SUID-AFRIKA KANTOOR:  
 Posbus 242  
 Carnarvon NC 8925  
 southafrica@sat7.org  
 +27(83)628 6488/+27(84)506 3399  
 Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2019 SAT-7  
 www.sat7sa.org  
 www.sat7.org  
 www.sat7uk.org

## DIE KRAG VAN GEBED

Baie Turkse kykers kontak SAT-7 TÜRK se program, *Krag van Gebed* met gebedsversoeke. Hulle getuig ook van beantwoorde gebede, wat 'n ongelooflike bron van bemoediging vir die SAT-7 TÜRK personeel is.

SAT-7 TÜRK se beradingspan ontvang daaglik oproepe en teksboodskappe van nuuskierige en belangstellende kykers wat vrae het oor die Christelike geloof of gewoon terugvoer oor programme gee. Maar van die opbouwende boodskappe is van kykers wat wil deel oor wat God in hul lewens gedoen het.

Een so 'n getuigenis is van 'n gereelde kyker in Turkye, Cevdet, wat SAT-7 TÜRK gekontak het om te vertel hoe hul gebed vir hom beantwoord is. “Baie dankie dat julle my teruggekakel het. Die vorige keer wat ons gepraat het, het ek baie probleme en bekommernisse gehad. Ek het jul gevra om vir my te bid en ons het saamgebid. Terwyl ek met julle gepraat het, het ek ernstige rugprobleme gehad, maar 'n ruk later was die pyn weg!”

God doen nie net wonderwerke in SAT-7 TÜRK kykers se lewens nie, Hy gebruik hul getuienisse om die personeel se energie, passie en geloof te versterk. “Dit is 'n groot seën vir ons,” vertel Nora Isoğlu, een van SAT-7 TÜRK se spanlede ernstig. “Wanneer ons hierdie getuienisse hoor, verstaan ons, ‘Ja, God werk regtig oral.’ Die resultaat is dat ons vandag met groter geloof en oortuiging kan bid.”

Cevdet se probleme is egter nog geensins opgelos nie. “Ek ondervind geestelike probleme; dit voel vir my of ek onder die invloed van bose geeste is. Die afgelope weke het ek egter beter begin voel, veral na julle vir my gebid het. Ek dank God dat Hy julle gebede verhoor het!” Dit is die begin van Cevdet se verhouding met God. Hy het nou 'n Bybel ontvang en vertel: “Ek glo my lewe sal verander deur dit te lees. Hou asb aan om vir my te bid.”

- Bid vir Cevdet en ander kykers soos hy in Turkye, dat hulle God se werking in hul lewens sal erken. Bid dat hulle in kontak met SAT-7 TÜRK sal bly sodat dit tot wedersydse ondersteuning en bemoediging kan wees. Mag julle ook vandag met groter geloof en oortuiging bid in die wete dat God oral besig is om te werk.



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir ons kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN EGIPTE

“Bid vir my seuns om te breek met vriende wat dwelms aan hul verkoop. Bid dat hulle jongmense ontmoet wat Jesus ken.”

## KYKER IN IRAN

“Ek werk as ’n tydelike vrou in ruil vir geld sodat ek my kinders kan versorg. Help my om te weet hoe om hierdie lewenstyl te stop en God te volg.”

## KYKER IN TURKYE

“Ek is nie gereed om my familie te vertel dat ek ’n Christen is nie, maar ek wil liefde en deernis in elke aspek van my lewe ervaar. Bid dat ek die moed sal hê en die regte woorde in elke situasie.”

## KYKER IN DIE MIDDE-OOSTE

“Ek is verhoor afwagend. Bid dat ek Christus nooit sal verloën nie, maak nie saak hoeveel druk daar toegepas word nie.”

## KYKER IN SIRIË

“Ek is moeg en hartseer oor alles wat ek om my sien en ervaar. Maar in Christus het ek vrede en is nie bang om doodgemaak te word nie.”

*Bid vir hierdie jong kyker se geestelike groei*



## VAN TROTS TOT NEDERIG

“Trots verwoes dikwels gesonde verhoudings, en om hierdie trots te oorkom na ’n argument kan baie moeilik en bykans onmoontlik wees. Nogtans kan God, deur die Heilige Gees, vernietigende trots in ’n gees van nederigheid verander.”

Elsa, ’n kyker in Iran, getuig hoe sy in staat was om met die hulp van die SAT-7 PARS span haar trots te oorwin.

“Gegroet en seën, my wonderlike broers en susters! Mag die lewende God julle seën in alle opsigte. Ek het vanaand, te danke aan Jesus Christus, in staat gewees om my trots te oorkom.

“Ek het ’n argument met iemand naby my gehad; ek weet nie tot watter mate ons beide skuldig was nie. Nietemin, terwyl ek na broer Milton en suster Rosita in die program *Beginsels van Geloof* luister, het die Here Jesus Christus in my hart gepraat en my oortuig om my trots eenkant toe te skuif en die eerste stap te neem en om verskoning te vra en te vra vir vergifnis.” In haar besluit om God se woord te gehoorsaam, het Elsa geweet sy doen die regte ding, want die gees van nederigheid bring ook vrede. “Ek glo dat, deur my trots te oorwin, het vrede in my hart gekom. Ek glo ook dat dit die Naam van Jesus Christus verheerlik het, veral omdat die persoon, met wie ek ’n argument gehad het, geweet het dat ek ’n Christen is. Ek wou nie dat my geloof bevraagteken word nie en wil graag ’n voorbeeld

wees van hoe ’n Christen anders as die wêreld optree.

**“Die rede waarom ek in staat was om te vergewe, is omdat Jesus Christus my sonde vergewe het. Hoe lig voel ons wanneer ons ons laste vir die Here gee! Dankie God, vir Christus, die lewende God wat vrede in ons harte bewerk!”**



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir ons kykers  
terwyl jy hul boodskappe lees:

## KYKER IN JORDANIË

“My familie het in Irak vir ISIS gevlug. Bid dat ons almal visums vir Australië sal kry en ’n nuwe lewe begin. En dat ek weer skool toe sal kan gaan.”

## KYKER IN ALGERIË

“My man het my vir 23 jaar geslaan en ek het hom gesmeek vir ’n egskeiding. Toe hoor hy van Jesus en het Hom begin volg. Daarna het hy verander. Sonder om te huiwer het ek ook Christus, wat my man verander het, aanvaar. Juig saam met ons.”

## KYKER IN TURKYE

“Ek het Jesus begin volg op grond van ’n film. Dit het my die Skepper van die heelal laat soek.”

## KYKER IN IRAN

“Die owerheid het in Mei ons kerk gesluit, die kruis verwyder en kameras geïnstalleer. Help my om soos Christus op te tree en hulle te vergewe.”

## KYKER IN AFGHANISTAN

“Ek is eensame en word misbruik. Ek vas en lees godsdienstige boeke maar is steeds depressief. Help my om die God van vrede en hoop te vind.”